**Vrydag 24 Julie**
**Skrifgedeelte: Jeremia 31**
**Fokusgedeelte: Jeremia 31:3 (AFR2020)**
**Die trekkrag van God se ewige liefde**

Jeremia 31 is ’n sentrale hoofstuk van Jeremia. Dit bevat die profesie van verbondsherstel deur die HERE. In die fokusvers word die rede gegee hoekom die Here genade aan sy volk bewys: *“Met ’n ewige liefde het Ek jou liefgehad; daarom het Ek jou in troue liefde nadergetrek.”*

Daar is so baie mense wat probeer om God se genade te verdien. Hier openbaar die Here aan ons dat sy liefde, en nie ons werke nie, ons nadergetrek het. God se liefde in Christus gee die deurslag! Die apostel Johannes leer ons in 1 Johannes 4 van God se ewige liefde as hy skryf: *“Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.”*

Die kragtigste Christusverkondiging vind ons in Jeremia se prediking van die nuwe verbond (Jer. 31:31-33). God sal self die eise van sy verbond nakom. Hy sal herstel vir sy volk bring sodat hulle nie vanweë hulle sonde tot niet gaan nie. Dit sal Hy doen deur ’n afstammeling wat uit die huis van Dawid gebore sal word (33:15). Hierdie profesie is vervul in Jesus Christus.

Mag jy verstom staan voor die trekkrag van God se ewige liefde in Jesus Christus en mag jy Hom met jou hele lewe dank dat jy uit genade ’n nadergetrekte is.

*Sing: Skrifberyming 1-3:1*
*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*